











VRYDAG
26 Januarie 2024

Volg ons op Facebook
(@067triangle)
Stuur 'n e-pos na
067triangle@gmail.com

oh!sixseven
central northern areas

As Nurugas Boerevereniging se jongboerkomitee hul sin kan kry, sal die streek se ouetehuise binnekort 'n groot voorraad van pampoen hê, terwyl die Nurugas Pumpkings Pampoenfees voorts 'n tradisie vir die streek kan word.



# Reuse in 067 se tuine

Sowat 20 jongboere uit die Nurugas-boerevereniging het onlangs 'n pampoenkompetisie begin om te kyk wie die grootste pampoen kan kweek.

Met die prysgeld reeds op sowat N$25 000 staan, sal in Maart tydens 'n geselligheid ook pryse vir die lelikste en mooiste pampoene gegee word. Tiff Coston, voormalige voorsitter van die jongboere sê die inisiatief is basseer op die Goliat van Gat-pampoenkompetisie wat deur Cullinan-boere in Suid-Afrika aangebied word.

Tiff sê elke deelnemer het in September en Oktober verlede jaar elkeen twee pitte van die Dill's Atlantic Giant-pampoen ontvang. Die kompetisie duur voort onder die nuutverkose voorsitter, Janneman Breedt. "Die belangrikste reëls is dat jou pampoen 'n naam moet hê en hy heel moet wees," het Tiff gesê.

Sy pampoen is byvoorbeeld Glynnis Breytenbach gedoop en, volgens sy mates, weeg dit reeds sowat 240 kg (foto).

## Allister Coetzee hier vir beter, groter rugby

Sterk streekspanne binne die Namibiese rugbybedryf, 'n span van 20 tot 30 voltydse, professionele rugbyspelers en 'n hoëprestasieplan na sukses – dit is die bekende Allister Coetzee se droom vir die Namibiese rugbylandskap.


Allister, self 'n voormalige rugbyspeler en afrigter van onder meer die Suid-Afrikaanse Springbokspan asook hoofafrigter van Rugby Rovigo in Italië, is ook verlede jaar aangestel deur Namibië se Welwitchias aangestel.

Hy het onlangs op Grootfontein gekuier vir die streeksrugbykompetisie, wat van 24 Februarie tot 9 Maart

Na bladsy 2



Vanaf bl. 1



Allister Coetzee het 'n visie vir Namibiese rugby en is van mening die regte kompetisiestruktuur kan plaaslike talent tot die hoogste vlakke neem.

moet plaasvind. "Grootfontein het reputasie vir groot, kragtige en swaar spelers. Rugby het 'n plek vir almal," het hy gesê.

### Die regte struktuur

Hy sien egter behoefte aan beter kompetisiestrukture binne die Namibiese rugbylandskap, wat sal help dat meer professionele rugby gespeel word.

"Namibiese rugbyspelers moet 'n groot sprong van klubrugby direk na die nasionale span maak – skielik moet hulle teen professionele beroepspelers speel. Die kompetisiestrukture waarin Namibië hom bevind, is nie voldoende nie," sê Allister.

Hy wil weer streekspanne op die been bring. "Ons moet kyk of ons sterker streekspanne uit klubrugbyspelers kan vorm, waarna hulle dan aan Suid-Afrikaanse kompetisies deelneem. Daarna speel hulle teen die res van Afrika en dan eers internasionaal.

Na my mening is dit hoe Namibiese spelers kan gedy en hul vaardighede verbeter – veral in 'n land waar hulle nie voltyds rugby kan beoefen nie," het hy gesê.

### Uitdagings

Allister erken dat alle planne en projekte altydafhanklik is van finansies, terwyl Namibië se langafstande ook 'n faktor is.

Allister sê die inisiatief om 'n streekrugbyspan in die noorde op die been te bring, betrek alle noordedorpe – ook vir Oshakati, Tsumeb, Otavi en Otjiwarongo.

Hy sê dit bied aan hom die geleentheid om saam met klubafrigters te werk.

"Bykans al die afrigters wat saam met my by die Mzansi-beker was, is nou hoofafrigters van die verskillende streke. Dit beteken die bloudruk vir Namibiese rugby kan nou na die klubs toe geneem word. Dit beteken ook persoonlike ontwikkeling vir die afrigters," het hy gesê.

"Dit kan Namibiese rugby tot by die volgende vlak bring."

### Beter agterlaat

Coetzee sê hy deel graag sy kennis en ervaring en dit is ook hoekom hy op Grootfontein is. "Ek wil die Namibiese rugbylandskap in 'n beter toestand laat as waarin ek dit gevind het. Dit is net wie ek is," het hy gesê.

"Daar is baie werk om te doen in terme van Namibiese rugby.

Almal is baie passievol, maar ek dink almal se pyle mik nie noodwendig in dieselfde rigting nie."

Hy sê talle ander Afrika lande toon sterk groei in rugby en vind die nodige finansiële inspuitings "Namibië moet oorleef met 'n klein begroting, maar ek dink nie dit is volhoubaar nie.

"Wat Namibië anders maak is dat sy rugbyspan bestaan uit werkende mense wat ver ry om rugby te speel.

"Ons topspelers hardloop dikwels ook na buitelandse klubs wat baie betaal. Namibië sal slimmer moet werk om jong talent geïnteresseerd en tuis te hou. Geld is belangrik, maar ander faktore soos afrigting speel ook 'n rol," sê hy.

### Raak professioneel

Allister sê selfs die sogenaamde "tier 2-lande" speel al professioneel . Hulle beskik oor "franchise spanne" met voltydse spelers.

"As Namibië ook by daardie punt kan kom, kan ons maklik in die top 15 van wêreldrugby-lande beland. Die talent is daar," sê hy.

Namibië moet 'n groep van 20 tot 30 voltydse professionele spelers kry wat in kompetisies kan deelneem.

Coetzee sê dit neem tyd om enige projek suksesvol te maak en Namibië het 'n langtermynplan nodig waarby almal inkoop en wat gedryf word deur mense met die nodige ondervinding en bevoegdheid.






# Gebede, bystand vir Andro gevra



Andro Blaauw, 'n 16-jarige seun van Grootfontein, is twee weke ná sy 16de verjaarsdag met osteo-sarcoma (beenkanker) gediagnoseer.

Hy ontvang tans elke twee weke chemoterapie in Windhoek en vertrek in Maart na Kaapstad om 'n prostese in sy bobeen te ontvang. Die operasie sal deur Prof. Keith Hoskins gedoen word. Ná die inplanting sal hy weer met chemoterapie voortgaan.

Andro kry swaar en sy familie versoek dat mense vir hom bid dat hy positief sal bly en goed op die behandeling sal reageer.

Die Andro Blaauw Kankerfonds is gestig en word deur Johan Spangenberg bestuur.

Daar is 'n behoefte aan die dekking van reis- en verblyfkostes vir Windhoek en Kaapstad, asook vir mediese bybetalings en dag-tot-dag medikasie.

Skenkings kan hier gemaak word:
Bank Windhoek, Grootfontein
Andro Blaauw Kankerfonds
Spaar rekening nr: 2000610977
Takkode 482-473

# Promises to resolve Omatako Canal-issue in 3 weeks


The Omatako Canal has been dry for about a month.

NamWater anticipates resolving the issue of the dried-up Omatako Canal within the next three weeks, offering much-needed relief to some farmers relying on this water for agricultural purposes.

The canal has been dry for about a month now due to the inoperability of the pumps extracting water from the old Berg Aukas mine.

Initially, NamWater representatives assured distressed farmers that repairs to the malfunctioning pumps would be completed by Monday, January 15th, with water flowing once again. However, numerous challenges were encountered when trying to replace the pumps, leading to the decision to send the pumps to Windhoek.

However, NamWater had ordered new pump stations from Germany last year, originally expected to arrive in Namibia by November. However, various challenges delayed their delivery, and these stations are now in the final stages of being transported to Namibia. Once operational, these stations are poised to resolve the ongoing water supply issues. If all goes according to plan, the situation is expected to return to normal within the next three weeks.



SHADONAI TRAINING CENTRE pottie@iway.na

# SHADONAI NOW IN OUTJO !



**Shadonai has moved to Outjo in the Kunene Region.**

**We now offer qualifications like Agriculture, Beauty Therapy, Fitness, First Aid, Health & Safety, Hospitality, Veterinary Assist, a GAP year and many more....**




16 years of age? Grade 9? English literate?
Skill orientated?
We are the training provider for you....

**CONTACT US**

0812881021
0812700999

**2024 ENROLMENTS - NOW OPEN**


SHADONAI
TRAINING
CENTRE
2024
GAP YEAR
CAREER EXPOSURE
ADVENTURE
CHRIST ORIENTATED
year of your life
The MAIN goal of this gap year is to discover and determine:
1) Who am I?
2) What does my future look like ?
3) Solidifying my relationship with God.
Contact us
pottie@iway.na
0812881021


CUNICULTURE TRAINING
RABBIT FARMING FOR MEAT PURPOSES
PRESENTED BY OHOLLE RABBIT FARM
N$2000
INCLUDES
THEORY
PRACTICAL
+ JUVENILE BREEDING PAIR
TRAINING DATES
24 FEB – SWAKOPMUND
9 MARCH – WINDHOEK
6 APRIL – MARIENTAL
Book now
081288102 / 0812226434


FIRST AID
CLASS A TRAINING
pottie@iway.na / 0812700999
IN NEED OF A FIRST AID QUALIFICATION
17 & 18 February 2024
09:00 - 16:30
N$ 1000.-
WIDO HEALTH & SAFETY TRAIN
STC
OUTJO

# Calender of events

Want to publish your event free of charge? Send all details by the 20th of the month to 067triangle@gmail.com.




## 26 January 2024

Edugate Volleyball, Paresis Sport field, 18:00

Tsumeb Gimnasium Langarm Sokkie, Klubhuis, 19:00

## 27 January 2024

Etosha Corner dans, 19:00 - 01:00

## 24 Feb ruarie 2024

Gimmie Gholdag Tsumeb



















| DATE | FIXTURE | VENUE |
|---|---|---|
| 16 MARCH | GROOTFONTEIN VS UNITED | GROOTFONTEIN |
| 23 MARCH | DOLPHINS VS GROOTFONTEIN | DOLPHINS |
| 6 APRIL | GROOTFONTEIN VS REHOBOTH | GROOTFONTEIN |
| 20 APRIL | UNAM VS GROOTFONTEIN | UNAM |
| 27 APRIL | GROOTFONTEIN VS KUDUS | GROOTFONTEIN |
| 18 MAY | WESTERN SUBURBS VS GROOTFONTEIN | WESTERN SUBURBS |
| 25 MAY | GROOTFONTEIN VS REHO FALCON | GROOTFONTEIN |
| 1 JUNE | WANDERERS VS GROOTFONTEIN | WANDERERS |




| DATE | FIXTURE | VENUE |
|---|---|---|
| 8 JUNE | UNITED VS GROOTFONTEIN | UNITED |
| 22 JUNE | GROOTFONTEIN VS DOLPHINS | GROOTFONTEIN |
| 29 JUNE | REHOBOTH VS GROOTFONTEIN | REHOBOTH |
| 13 JULY | GROOTFONTEIN VS UNAM | GROOTFONTEIN |
| 20 JULY | KUDUS VS GROOTFONTEIN | KUDUS |
| 27 JULY | GROOTFONTEIN VS WESTERN SUBURBS | GROOTFONTEIN |
| 3 AUGUST | REHO FALCON VS GROOTFONTEIN | REHO FALCON |
| 10 AUGUST | GROOTFONTEIN VS WANDERERS | GROOTFONTEIN |